

# NG KERK IN OOS-KAAPLAND

## VERKORTE DOKUMENT VIR GROEPSGESPREKKE OOR KERKHERENIGING

---

*Vir die leraar/s en gemeentekantoor : Vermenigvuldig asseblief hierdie dokument en gebruik dit in gemeentegroepes, bv bybelstudiegroepes, selgemeentes, wyksbyeenkomste, huiskerke ens. Kommentaar word teen 31 Oktober 2007 deur die gemeente verwerk en na die sinodale kerkkantoor aangestuur vir verdere verwerking en deursending aan die kantoor van die Algemene Sinode - Baie dankie vir julle samewerking!*

---

### *Waarom is ons hier saam?*

*Baie welkom by hierdie byeenkoms waar ons saam gaan gesels en gedagtes gaan wissel oor die eenheid tussen die vier kerke in die Familie van NG-Kerke.*

*Die doel van hierdie gesprek is om al ons lidmate in die prentjie te bring ten opsigte van besluite wat reeds geneem is, om die gedagtes en insette van lidmate te bekom, en om die proses en pad vorentoe te verduidelik. Baie dankie vir u teenwoordigheid, deelname aan en bydrae tot die gesprek.*

*Hierdie is nie 'n stemmery vir of teen kerkhereniging nie - daar is nog nie iets om oor te stem nie - die voorstelle moet nog geformuleer word. Ons verlang juis die insette en bydraes van ons lidmate, gemeentes en kerkrade met die oog op die formulering van voorstelle, wat aan die ander kerke in die gesprek met hulle gekommunikeer sal word, en wat uiteindelik aan ons kerkrade en gemeentes vir goedkeuring voorgelê sal word.*

### *Wat het tot hiertoe gebeur?*

- \* Die NG Kerk was sedert kerkplanting in 1652 een kerk - bekeerlinge uit die ander bevolkingsgroepe het doodgewoon deel van die plaaslike gemeentes geword*
- \* In 1857 - 205 jaar ná kerkplanting - besluit die sinode dat anderskleurige lidmate ook afsonderlik bedien mag word waar die omstandighede dit vereis - die eenheid van die kerk mag egter nie daardeur in gedrang gebring word nie*
- \* Alhoewel dit nooit die bedoeling van die sinodebesluit was nie het die besluit uiteindelik tog tot kerkvermeerdering gelei, en kom drie ander kerke vanuit die NG Kerk tot stand (NG Sendingkerk 1881 / NG Kerk in Afrika 1910 / Reformed Church in Africa 1968)*
- \* Gedurende 1994 het die NG Sendingkerk en 'n gedeelte van die NG Kerk in Afrika verenig om die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika te vorm - hierdie verenigde kerk aanvaar ook 'n (nuwe) vierde belydenisskrif - die Belharbelydenis - naas die Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls en Nederlandse Geloofsbelydenis wat deur die NG Kerk, NG Kerk in Afrika en Reformed Church in Africa aanvaar word*
- \* Sedert 1966 weerklink vele stemme in die algemene sinodes van die NG Kerk dat die kerke in die NG Kerkfamilie weer tot een kerk moet verenig - die besluite wat later hieroor geneem word noem die wil van die Here soos in die Bybel verwoord, die geloofsbelydenisse van die kerk, asook die getuiskrag van 'n verenigde kerk as die dryfkrag agter die vele besluite om struktureel te verenig*
- \* Ook die Oos-Kaapse Sinode - afgestig in 1973 - besluit so vroeg as 1975 "dat dit nie genoegsaam is dat die lidmate van die Moederkerk en die onderskeie jonger kerke ons wesenseenheid net bely nie....." In 1991 word besluit ; "Die NG Kerke erken die*

*noodsaaklikheid vir geestelike en sigbare eenheid.....” en in 1995 : “Die eenheidstrewre binne die NG Kerkfamilie is op sigself genome skriftuurlik korrek”. In 2003 sê die Oos-Kaapse Sinode : “Die Sinode bevestig die NG Kerk se verbintenis aan die kerkherenigingsproses met al die kerke van die NG-Familie, asook sy dringende wens dat hierdie hereniging so spoedig moontlik sal plaasvind”.*

*\* Tydens die Algemene Sinode van 2004 verbind die Kerk haarself andermaal tot kerkhereniging, bevestig sy haar besluit (1998) dat sy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar, maar oordeel dat nie alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate in die herstelde kerk dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te onderskryf nie. Ook word as eenheidsmodel voorgestel dat alle gemeentes as selfstandige gemeentes, wat oor hul eie sake en inrigting besluit, saamgevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode. Alle ander kwessies word gedurende die proses onderhandel. Kerkskeuring moet ten alle koste vermy word, en die eenheidstrewre moet na alle gereformeerde kerke in Suid-Afrika uitgebrei word. Gemeentes sal deurlopend geraadpleeg word, en uiteindelik sal kerkrade/gemeentes, streeksinodes en die Algemene Sinode met twee-derde meerderhede ten gunste van kerkhereniging moet besluit. Streeksinodes van die verskillende kerke sal ook intussen met mekaar kan verenig, sonder om daarmee hul bestaande kerkverbande prys te gee. Tot sover die besluite van 2004.*

*\* Veral gedurende 2006 kry die gesprek tussen die vier kerke nuwe momentum. Die VGKSA gee toe dat die Belharbelydenis nie afdwingbaar en as voorwaarde vir kerkhereniging gemaak kan word nie. Die onderskeie kerklike leierskappe kom by 'n paar geleenthede saam, en eerste punte van konsensus kry beslag :*

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>1. DIE KONFESSIONELE BASIS : Belhar moet nie 'n voorwaarde vir kerkeenheid wees nie, en niemand word forseer om Belhar te aanvaar of daarvan af te sien nie</li><li>2. DIE MODEL : Die plaaslike kerk is ten volle kerk en gemeentes is regspersone wat hul verantwoordelikheid mbt besluitneming en bediening behou - Een nuwe Algemene Sinode moet gevorm word - streeksinodes en ringe vorm nuwe streekstrukture - die moontlikheid van assosiasie-lidmaatskap (om ruimte te skep vir kerke wat nie gereed is om ten volle deel van die nuwe kerkverband te wees nie) moet verder bespreek word</li><li>3. GESAMENTLIKE PROJEKTE : Die kerke moet op alle vlakke soveel as moontlik dinge saamdoen</li><li>4. VERSOENING : 'n Proses om versoening tussen vervreemde lidmate, gemeentes en ander liggame van die kerkfamilie word van stapel gestuur.</li></ol> |
|--|

*\* Gedurende die pas-afgelope vergadering van Algemene Sinode 2007 word besluit dat gemeentes en kerkvergaderings gedurende die tweede helfte van 2007 gekonsulteer word - hierdie kommentaar word teen 1 Desember 2007 aan die kantoor van die Algemene Sinode vir verwerking deurgegee - dit word deur die Moderamen gebruik in sy gesprekke met die drie ander kerke - voorstelle word geformuleer wat gedurende die tweede helfte van 2008 terugkom na die kerkrade en gemeentes van al vier kerke vir goedkeuring op die wyse wat deur die onderskeie kerkordes voorgeskryf word (in die geval van die NG Kerk die twee-derdes-meerderheidsbeginsel) - voorts is besluit om verenigde strukture ten opsigte van diens en getuienis met die ander kerke te vorm, en om ook 'n ad hoc-Taakspan vir Kerkhereniging saam te stel om die proses in die verskillende sinodes te belyn en te sinkroniseer*

## *Waaroor gaan dit in die Belharbelydenis?*

*\* Om eenheid, versoening, geregtigheid en ware vrede - die vyf paragrawe van die belydenis (goedkeur deur die NG Sendingkerk in 1986) klink só :*

1. Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy Kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe. Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.
2. Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié Kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is; dat die eenheid van die Kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word; dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo; dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is, wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die Kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word; dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werkzaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is, van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel, saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig; dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God; dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie Kerk.

*Daarom verwerp ons enige leer wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die Kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie; wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onversoendheid; wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag, sonde is; wat, uitgesproke of onuitgesproke, voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die Kerk.*

3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die Kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die Kerk salig genoem word, omdat hulle vredemakers is; dat die Kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende

Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring; dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word, indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderling vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig; dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie by voorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

*Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die Evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en beleving van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.*

4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is, en dat Hy sy Kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hom reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; dat die Kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder ander ook inhou dat die Kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg sal aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; dat die Kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die Kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

5. Ons glo dat die Kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlijkheid in ewigheid.

### *Wat nou?*

*\* Volg nou die Voorgestelde Gespreksriglyn en voltooi die Terugvoervorm op die los blaaie (p 5-6)*

*\* Besorg dit dan by julle gemeente se kerkkantoor*

## VOORGESTELDE GESPREKSRIGLYN en TERUGVOERVORM

1. Konsulteer asseblief soveel mense / kleingroepe as moontlik
2. Die Gespreksleier open met 'n gebed of gee geleentheid vir gebed
3. Wandel saam in die Woord

Die Bybel leer vir ons dat alle besluitnemingsprosesse in gemeentes en in 'n kerk altyd 'n proses van *geloofsonderskeiding* moet wees : *ons soek nie net ons eie mening nie, maar saam ook na die Gees se leiding*. Daarom gebruik ons tyd om saam Bybel te lees en daaroor gesprek te voer. Laat die groep self hul skrifgedeelte kies - enige van die vlg kan baie nuttig wees : Ps 133; Joh 17:13-23; Hand 2:40-47; 1Kor 12:12-27; Gal 3:26-29; Efes 4:1-16) - *of enige ander!!*

Dit is 'n goeie gedagte om mense in pare te laat gesels oor die teks en dan terugvoering te vra van elke gespreksmaat oor wat hom/haar in die teks opgeval het. So leer ons om ook na mekaar te luister

4. Lees nou die dokument (p1-4) rustig deur
5. Keer dan terug na *die vier konkrete konsensusvoorstelle* in die raampie op p2 en stel die volgende drie vrae agtereenvolgens aan die groep - probeer om by al drie vrae telkens 'n konsensusterugvoer te verkry :

\* *Wat is julle mening oor die betrokke voorstel?*

\* *Wat sou julle wou byvoeg of weglaat?*

\* *Wat ander / nuwe voorstelle het julle tov die betrokke voorstel?*

6. Iemand in die groep teken die kommentaar in die toepaslike blokkies hier onder aan - lees dit dan terug aan die groep

7. Sluit daarna die byeenkoms met 'n gebed

### VOLTOOI GOU EERS HIER!!

a : Naam van Gemeente :

b : Naam / aard van Groep : (bv kerkraad, bybelstudiegroep)

c : Aantal groeplede wat deelneem aan gesprek :

d : Besorg asb by u gemeentekantoor - lg sorg vir 'n *saamgestelde verslag* - en besorg die *saamgestelde verslag* nie later as 31 Oktober 2007 aan die sinodale kantoor (Ds Danie Mouton)

### DIE KONFESSIONELE BASIS (pt 1 op p2)

Die groep se mening :

Wat moet bygevoeg word?

Wat moet weggelaat word?

Nuwe / ander voorstelle?

DIE MODEL (pt 2 op p2)

Die groep se mening :

Wat moet bygevoeg word?

Wat moet weggelaat word?

Nuwe / ander voorstelle?

GESAMENTLIKE PROJEKTE (pt 3 op p2)

Die groep se mening :

Wat moet bygevoeg word?

Wat moet weggelaat word?

Nuwe / ander voorstelle)

Wat word reeds / kan nog op plaaslike vlak gesamentlik gedoen / word?

VERSOENING (pt 4 op p2)

Die groep se mening :

Wat moet bygevoeg word?

Wat moet weggelaat word?

Nuwe / ander voorstelle?

Enige voorstel vir 'n Naam vir 'n nuwe / herstelde kerkverband?

NOGMAALS BAIE DANKIE VIR JUL ERNS EN SAMEWERKING!!!